SKEDULERINGSTATUS

S0

SUPAVITE®, stroop

Vitamien A, Vitamien D (cholekalsiferol), Vitamien C (askorbiensuur), Vitamien B_1 (tiamien-HCl), Vitamien B_2 (riboflavien), Vitamien B_3 (nikotinamied), Vitamien B_6 (piridoksien-HCl), Vitamien B_{12} (sianokobalamien)

Bevat suiker as Sukrose: 3,00 g per 5 mL

Bevat suiker as suiker-alkohol: Sorbitol (70 %): 1,40 g per 5 mL

KOMPLEMENTÊRE MEDISYNE

Gesondheidsaanvulling

Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA geëvalueer vir kwaliteit, veiligheid of voorgestelde gebruik nie.

Lees die hele pamflet noukeurig deur, want dit bevat belangrike inligting

SUPAVITE® is beskikbaar sonder 'n doktersvoorskrif, sodat jy jou gesondheid in stand kan hou. Dit is nogtans belangrik om SUPAVITE® met sorg te gebruik om die beste resultate te verseker.

- Hou hierdie pamflet. Dit mag nodig wees dat jy dit weer wil lees.
- Moenie SUPAVITE® met enigeen deel nie.
- Raadpleeg jou gesondheidsorgverskaffer of apteker indien jy nog inligting of advies benodig.

'n Gevarieerde dieet is die doeltreffendste en veiligste manier om goeie voeding, gesondheid, liggaamsamestelling en verstandelike en fisiese prestasie te bereik.

Wat is in hierdie pamflet

1. Wat SUPAVITE® is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat jy moet weet voordat jy SUPAVITE® neem
3. Hoe om SUPAVITE® te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om SUPAVITE® te berg
6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

1. Wat SUPAVITE® is en waarvoor dit gebruik word

SUPAVITE® is 'n multivitamien aanvulling wat help om jou kind se algemene gesondheid, groei en welstand te ondersteun.

Dit help die liggaam om:

- Gesonde vel en die liggaam se natuurlike immuunstelsel te handhaaf.
- Gesonde sig te ondersteun, insluitend sig in swak lig.
- Voedsel (koolhidrate, vette en proteïene) in energie om te skakel.
- Die gesonde ontwikkeling en instandhouding van bene, tande, tandvleis en kraakbeen te ondersteun.
- Gesonde bindweefsel te vorm en te handhaaf.
- Normale groei en ontwikkeling te bevorder.
- Die produksie van gesonde rooibloedselle te ondersteun.

2. Wat jy moet weet voordat jy SUPAVITE® neem

Moenie SUPAVITE® neem nie

- Indien jy hipersensitief (allergies) is vir die aktiewe bestanddele of enige van die ander bestanddele van SUPAVITE® (gelys in afdeling 6).

- As jy reeds hoë vlakke van vitamien A of vitamien D in jou liggaam het.
- As jy hoë kalsiumvlakke in jou bloed of urine het. Dit sluit mediese toestande of behandelings in wat hoë kalsiumvlakke kan veroorsaak, bv. sekere tipes kanker, kanker wat na die bene versprei het, 'n ooraktiewe paratiroïedklier, of inflammatoriese toestande soos granulomateuse siekte.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Wees versigtig met SUPAVITE®

- Indien jy ander preparate wat vitamiene bevat, gebruik, veral dié wat vitamiene A of D bevat, aangesien die inname van te veel van hierdie vitamiene skadelik kan wees.
- As jy nierprobleme, nierstene of 'n toestand het wat die manier waarop jou liggaam kalsium hanteer, beïnvloed. As jy SUPAVITE® vir 'n lang tyd gebruik, kan jou dokter jou kalsiumvlakke met bloed- of urinetoetse nagaan.
- As jy ernstige nierprobleme het, praat met jou dokter voordat jy SUPAVITE® gebruik.
- Sê vir jou dokter of ander gesondheidsorgverskaffer dat jy SUPAVITE® gebruik voordat jy enige laboratoriumtoetse ondergaan. Die vitamien B_2 (riboflavien) in SUPAVITE® kan jou urine heldergeel verkleur. Dit is onskadelik, maar kan die resultate van sommige laboratoriumtoetse beïnvloed.

Kinders

Moet nie SUPAVITE® vir kinders jonger as 1 jaar gee nie.

Ander medisyne en SUPAVITE®

Lig altyd jou gesondheidsorgverskaffer in as jy enige ander medisyne neem (dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).

Gebruik van ander vitamienbevattende preparate

- Moet nie SUPAVITE® saam met ander medisyne wat vitamiene bevat, gebruik nie, veral dié wat vitamien A of vitamien D bevat, tensy jou dokter aanraai om dit te doen. Die gebruik van te veel van hierdie vitamiene kan skadelik wees.
- Indien jy medisyne genaamd retinoïede gebruik (wat gebruik word om sekere veltoestande of sommige kankers te behandel), soos beksaroteen, asitretien, isotretinoïen of tretinoïen. Die gebruik van SUPAVITE® kan die risiko van te veel vitamien A in jou liggaam verhoog.
- Die gebruik van bykomende vitamien D-aanvullings saam met SUPAVITE® kan die risiko van hoë kalsiumvlakke in jou bloed verhoog.

Sommige medisyne kan sekere vitamienvlakke in jou liggaam verlaag of beïnvloed hoe goed dit werk.

- Medisyne vir epilepsie, kanker, tuberkulose, swaminfeksies en MIV, asook kortikosteroïede, kan vitamien D-vlakke verlaag of vitamien D minder doeltreffend maak.
- Hidralasien, isoniasied, penisillamien, fenelsien, teofillien en sommige medisyne wat gebruik word om epilepsie te behandel, kan jou liggaam se behoefte aan vitamien B6 verhoog.
- Etionamied kan vitamien B6-tekort veroorsaak.
- Neomisien, aminosalisielsuur, medisyne wat maagsuur verminder (soos omeprazool en H2-blokkeerders), kolgisien en chlooramfenikol kan die absorpsie of effekte van vitamien B12 verminder.
- Omeprazool kan die hoeveelheid vitamien C wat jou liggaam uit voedsel absorbeer, verminder.
- Neomisien, cholestiramien en vloeibare paraffien kan die absorpsie van vitamien A verminder.

SUPAVITE® kan beïnvloed hoe sommige medisyne werk.

- Die vitamien B6 in SUPAVITE® kan die effek van altretamien verminder.
- Die vitamien C in SUPAVITE® kan medisyne soos deferoksamien, hormonale voorbehoedmiddels (voorbehoeding), hormoonvervangingsterapie (HVT), flufenasien en warfarien beïnvloed.
- Vitamien C kan die absorpsie van yster verhoog, veral by mense met ’n ystertekort.
- Indien jy tiasieddiuretika (waterpille), kalsiumaanvullings of fosfaatprodukte saam met SUPAVITE® gebruik, kan dokter jou kalsiumvlakke monitor weens die verhoogde risiko van hoë kalsiumvlakke in die bloed.

Die sorbitol in SUPAVITE® kan met sommige medisyne interaksies hê.

Voordat jy SUPAVITE® gebruik, lig jou dokter in indien jy enige van die volgende medisyne gebruik:

- Natriumpolistireensulfonaat (wat gebruik word om hoë kaliumvlakke te behandel), aangesien die gebruik daarvan saam met sorbitol die risiko van ernstige dermprobleme kan verhoog.
- Lamivudien (’n antivirale middel wat gebruik word om MIV-infeksie en chroniese hepatitis B te behandel), aangesien sorbitol die hoeveelheid van hierdie medisyne wat jou liggaam absorbeer, kan verminder, wat dit minder doeltreffend kan maak.
- Ander lakseermiddels, aangesien die gebruik daarvan saam met sorbitol die risiko van dehidrasie en veranderinge in jou liggaam se soutbalans, kan verhoog.
- Diuretika (waterpille), aangesien die kombinasie die risiko van dehidrasie kan verhoog.

Swangerskap, borsvoeding en fertiliteit

Indien jy swanger of borsvoed is, vermoed jy is dalk swanger of beplan om swanger te raak, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies voordat jy SUPAVITE® neem.

SUPAVITE® is vir gebruik by kinders aangedui. Indien nodig, kan dit tydens swangerskap en borsvoeding gebruik word.

Geen data oor manlike en vroulike vrugbaarheid is beskikbaar nie.

Bestuur en die gebruik van masjinerie

Dit is onwaarskynlik dat SUPAVITE® jou verstandelike en/of fisiese vermoë sal beïnvloed om take of aktiwiteite uit te voer wat verstandelike oplettendheid, oordeel en/of goeie koördinasie en sig vereis, bv. bestuur, ry, vlieg, seilvaart of die bestuur van masjinerie / toerusting.

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel in watter mate SUPAVITE® met jou daaglikse aktiwiteite mag inmeng nie. Jy moet seker maak dat jy nie aan bogenoemde aktiwiteite deelneem nie totdat jy weet hoe SUPAVITE® jou affekteer.

SUPAVITE® bevat oranje kleurstowwe (Sunset Yellow FCF en Ponceau 4R/Cochineal Red A), preserveermiddels (metielhidroksibensoaat en propielhidroksibensoaat), sorbitol (70%),sukrose

Metielhidroksibensoaat en propielhidroksibensoaat: Kan allergiese reaksies veroorsaak (moontlik vertraagde reaksies).

Oranje kleurstof kan Sunset Yellow FCF (E 110) en Ponceau 4R/Cochineal Red A (E 124) bevat: Kan allergiese reaksies veroorsaak.

Sorbitol (70%): SUPAVITE® bevat 980 mg sorbitol in elke 5 mL, wat gelykstaande is aan 196 mg/kg/mL.

Sorbitol is ’n bron van fruktose. Indien dokter meegedeel het dat jy (of jou kind) ’n onverdraagsaamheid teenoor sekere suikers het, of met ‘n oorerflike fruktose-onverdraagsaamheid (HFI) gediagnoseer is, ’n seldsame genetiese afwyking waarby ’n persoon nie fruktose kan afbreek nie, moet jy met jou dokter praat voordat jy (of jou kind) SUPAVITE® gebruik of ontvang.

Sorbitol kan gastro-intestinale ongemak en ’n ligte lakserende effek veroorsaak.

Sukrose: Indien dokter meegedeel het dat jy ’n onverdraagsaamheid teenoor sekere suikers het, kontak jou dokter voordat jy hierdie medisyne gebruik.

SUPAVITE® bevat 3 g sukrose per 5 mL. Dit moet in ag geneem word by pasiënte met diabetes mellitus.

Dit kan skadelik vir die tande wees.

3. Hoe om SUPAVITE® te neem

Moet nie medisyne wat vir jou voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.

Neem SUPAVITE® presies soos voorgeskryf in hierdie pamflet, of soos jou dokter, apteker of verpleegkundige aanbeveel het. Bevestig met jou dokter, apteker of gesondheidsorgverskaffer indien jy onseker is.

Die gewone dosis is:

Kinders 1–3 jaar: 2,5 mL een tot twee keer per dag.

Kinders 3 jaar en ouer: 5 mL een tot twee keer per dag.

SUPAVITE® kan met of sonder voedsel geneem word. Gebruik saam met voedsel kan die waarskynlikheid van maagongemak of naarheid verminder.

Skud die bottel voor gebruik.

Indien jy meer SUPAVITE® inneem as wat voorgeskryf is

In die geval van 'n oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

Indien jy vergeet om ’n dosis SUPAVITE® te neem

Indien jy vergeet het om ’n dosis te neem, neem dit sodra jy onthou. Indien dit egter amper tyd is vir die volgende dosis, los die oorgeslaande dosis. Moenie ’n dubbele dosis neem om op te maak vir ’n vergete dosis nie.

4. Moontlike newe-effekte

SUPAVITE® kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir SUPAVITE® aangemeld is, word in hierdie pamflet genoem nie. Indien jou algemene gesondheid agteruitgaan, of jy enige ongunstige effekte ondervind terwyl jy SUPAVITE® neem, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgverskaffer vir advies.

Indien enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van SUPAVITE® en lig jou dokter onmiddellik in, of gaan na die ongevalle-afdeling van die naaste hospitaal.

- ‘n Allergiese reaksie, bv. swelsel in die hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel, wat dit moeilik maak om te sluk of asem te haal; uitslag of jeuk.

Dit is ‘n baie ernstige newe-effek. Indien jy dit ervaar, het jy moontlik ‘n ernstige allergiese reaksie op SUPAVITE® gehad. Jy benodig moontlik dringende mediese aandag of hospitalisasie.

Lig jou dokter in as jy enige van die volgende waarneem

Minder algemene newe-effekte

- Naarheid (siek gevoel)
- Maagongemak
- Braking
- Diarree
- Uitslag
- Jeuk
- Verandering in die kleur van urine na helder geel.

Indien jy enige newe-effekte ondervind wat nie in hierdie pamflet genoem word nie, lig asseblief jou dokter of apteker in.

Aanmelding van newe-effekte

Indien jy newe-effekte ervaar, raadpleeg jou dokter, apteker of verpleegkundige. Jy kan ook newe-effekte aan SAHPRA rapporteer deur middel van die Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) en die eReporting-platform (who-umc.org) op die SAHPRA-webwerf.

Newe-effekte kan ook by info@pharmacorp.co.za aangemeld word.

Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting rakende die veiligheid van SUPAVITE® te verskaf.

5. Hoe om SUPAVITE® te berg

Berg alle medisyne buite bereik van kinders.

- Berg by of benede 25 °C
- Beskerm teen lig.

6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

Wat SUPAVITE® bevat

Die aktiewe bestanddele per 5 mL stroop is

Vitamien A	333 IE (99,9 µg RAE*)
Vitamien D (cholekalsiferol)	67 IE (1,675 µg)
Vitamien C (askorbiensuur)	50 mg
Vitamien B1 (tiamien-HCl)	1 mg
Vitamien B2 (riboflavien)	1 mg
Vitamien B3 (nikotinamied)	7 mg
Vitamien B6 (piridoksien-HCl)	250 µg
Vitamien B12 (sianokobalamien)	1 µg

* RAE (Retinol Activity Equivalent)

Die ander bestanddele is oranje kleurstof (Sweet Orange No. 1 en/of Orange F1617 T/F (Quinoline Yellow (E104), Ponceau 4R, Cochineal Red A (E124), Sunset Yellow FCF (E110))), sorbitoloplossing (70%), sukrose, soetlemoengeurmiddel, tutti-frutti-geurmiddels, gesuiwerde water.

Preserveermiddels

Metielhidroksibensoaat 0,1% m/v

Propielhidroksibensoaat 0,25% m/v

Hoe SUPAVITE® lyk en inhoud van die pakkie

SUPAVITE® is ’n gelerige vloeistof, vry van enige deeltjies, met ’n lemoenagtige vrugte geur.

Inhoud van die verpakking

SUPAVITE® word verpak in ’n ronde, amberkleurige 100 mL- of 200 mL-PVC-plastiekbottel met ’n wit LDPE-drukdop of ’n wit PP-duet-skroefdop.

Nie alle verpakkingsgroottes word bemark nie.

Houer van die Registrasiesertifikaat

PHARMACORP (PTY) LTD

29 Victoria Link

Route 21 Corporate Park

Irene, 0178, RSA

Hierdie pamflet is voorheen hersien in

Julie 2026

Registrasienommer

Sal toegeken word.

Toegang tot die ooreenstemmende Professionele Inligting

www.pharmacorp.co.za

Weergawe nommer: A/SUP/PIL/03.26